BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT

BELEGGINGSVERSLAG

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

UITGAWE 58

APRIL 2008

# DIE BESKERMING VAN JOU FINANSIËLE TOEKOMS

**Deur Magnus Heystek, Beleggingstrateeg**

**Beleggers kla dikwels oor die min wettige moontlikhede om belasting te bespaar wanneer hulle hul aftrede beplan. Maar met een baie aantreklike geleentheid wel tot hul beskikking, maak min mense daarvan gebruik. Lede van aftreefondse, wat van werk verander of bedank, het toegang tot een van die voordeligste taksbeplanninggeleenthede wat deur Jan Taks toegelaat word. Desondanks maak minder as 20 persent van almal wat van werk verander, gebruik daarvan.**

Hulle is óf nie bewus van die beskikbare opsies nie, óf hul kontantvloei is so karig dat hulle eerder toegang probeer kry tot hul opgegaarde pensioengeld.

Mense wat laasgenoemde opsie uitoefen, kom dikwels heeltemal te laat agter dat elke betaling uit 'n aftreefonds as inkomste beskou word en met die uitsondering van die eerste R1 800 by hul huidige inkomste gevoeg en teen die hoogs moontlike koers (marginale belastingkoers), naamlik 40 persent, belas word.

Dit kom neer op finansiële waansin en moet tot elke prys vermy word. Desondanks word dit deur duisende mense geignoreer wat van werk verander: hulle vat die geld en basta met die toekoms.

Dit is deesdae algemene praktyk dat werknemers in die formele sektor dikwels van werk verander. In Amerika toon statistiek dat die gemiddelde werker tydens 'n loopbaan van 35 jaar tot tien keer van werk verander. In Suid-Afrika is dit gemiddeld so-wat sewe keer.

**Die oordrag van jou bestaande aftreevoordeel na 'n bewaringsfonds of aftreeannuiteit, is een van die beste maniere om vir jou voldoende kapitaal te verseker wanneer jy aftree.**

**Van genoemde twee word 'n bewaringsfonds allerwëe as die beste beskou. Dit is (a) belastingvry en (b) daar bestaan geen belastingstrikke binne die fonds solank as dit in sodanige fonds bly nie.**

Maar die een groot voordeel van 'n bewaringsfonds bo 'n aftreefonds, is dat die belegger toegelaat word om EEN keer geld daaruit te onttrek voor amptelike aftrede.

STANLIB & BRENTHURST
WEALTH MANAGEMENT
**BELEGGINGS SEMINAAR**

| | |
|---|---|
| DATUM: | WOENSDAG, 21 MEI 2008 |
| TYD: | 15H30 VIR 16H00 |
| PLEK: | 17 MELROSE BOULEVARD<br>STANLIB HEAD-OFFICE<br>MELROSE ARCH |
| RSVP: | ALLIE (011) 799-8100<br>allie@brenthurstwealth.co.za |

**BESPREKING IS BELANGRIK!**
Verversings sal bedien word!

www.brenthurstwealth.co.za

Dit is 'n baie nuttige "ontsnappingsklousule" indien die belegger in 'n werklik dringende noodgeval geld uit die bewaringsfonds nodig het. Dit is ook die beste opsie indien emigrasie uit Suid-Afrika oorweeg word.

'n Aftree-annuiteit is op sy beurt alleen opeisbaar wanneer die belegger 55 word en het dan net toegang tot 'n derde van die kapitaal. Die balans moet aangewend word vir die koop van 'n pensioen, 'n lewende annuiteit of 'n gewaarborgde pensioen.

**Met 'n bewaringsfonds word die belegger op twee maniere bevoordeel: belastingvrye groei in 'n portefeulje volgens sy keuse met die opsie om die volle bedrag te onttrek wanneer dit hom pas.**

**Hierdie diskresionêre opsie maak voorsiening vir belangrike belastingbeplanning vir die toekoms: die onttrekking van al jou geld en die laags moontlike belastingkoers. Maar hierdie opsie verg deeglike toekomsbeplanning meer hieroor later.**

Mense wat van werk verander, moet egter deeglik kennis neem van 'n uiters belangrike tegniese punt: die besluit om hul aftreefonds na 'n bewaringsfonds te laat oorplaas, moet geneem word **TERWYL hulle steeds in diens is. Anders gestel: tydens die laaste dertig dae van hul formele diens.**

Hierdie besluit kan nie later geneem word nie omdat die bewaringsfondsopsie dan verval met die oordrag van die geld na 'n aftree-annuiteit die enigste alternatief.

Beleggers (en in sommige gevalle finansiële beplanners) trap dikwels onwetend in hierdie tegniese slagyster omdat elke aansoek vir die oorplasing van opgegaarde voordele in 'n aftreefonds (pensioen- of voorsorgfonds) geweier sal word.

Derhalwe behoort elkeen wat van werk verander, onmiddellik met 'n finansiële beplanner te skakel sodat reëlings getref kan word om sy/haar voordele na 'n bewaringsfonds te laat oorplaas. Indien nie, verbeur die belegger sy heel beste opsie.

Dit kom daarop neer dat jy (na jou verandering van werk) verplig sal wees om jou fondse in 'n aftree-annuiteit te omskep, in die bestaande pensioenfonds te los of die kontant te neem.

Daar is ook 'n verdere tegniese punt wat kan lei tot kopsorge en 'n klomp papierwerk vir die vertrekkende werknemer en sy finansiële raadgewers. Dit is die vereiste dat jou geld net na 'n bewaringsfonds oorgedra kan word waarvan jou voormalige werkgewer 'n "deelnemende werkgewer" is.

Dit kom eenvoudig daarop neer dat die finansiële instelling waarheen jy jou geld oorplaas, moet beskik oor 'n getekende ooreenkoms met jou vorige werkgewer se pensioenfonds wat laasgenoemde verbind tot die nakoming van die reëls van die bewaringsfonds.

Hou ook die volgende in gedagte: Die uitstel van 'n besluit oor wat jy met jou aftreekapitaal wil doen, kan jou duur te staan kom. As jy versuim om binne ses maande jou geld na 'n bewaringsfonds oor te plaas of in 'n aftree-annuiteit te belê, sal Jan Taks 30% van die waarde van jou portefeulje in jou vorige werkgewer se fonds opeis. Om dit te verander, is 'n baie moeilike en onaangename ervaring: die Ontvanger hou nie van terugbetalings nie!

Nog net een tegniese kwessie: jy kan die lewens- en ongeskiktheidsdekking van jou groepskema in 'n individuele polis omskep sonder mediese versekering deur gebruik te maak van dieselfde lewensversekeringsmaatskappy wat vroeër jou lewe gedek het. Dit kan baie nuttig wees indien jy in hierdie tydperk van verandering gesondheidsprobleme sou ontwikkel, wat lewens- en ongeskiktheidsdekking net duurder en in sommige gevalle selfs onmoontlik kan maak. Maar let wel: Ook hierdie opsie verval dertig dae nadat jy jou vorige fonds verlaat het.Wees dus bedag hierop.

## GELEENTHEDE VIR BELASTINGSBEPLANNING VAN 'N BEWARINGSFONDS: DIE TWEEJAAR-REËL

Deur die oordrag van jou aftreekapitaal by diensverlating in n bewaringsfonds, kry jy toegang tot een van die voordeligste oorblywende taksbeplanningsgeleenthede vir Suid-Afrikaanse belastingbetalers. Terwyl dit altyd moontlik is dat Jan Taks ook hierdie agterdeur kan toemaak, is dit steeds 'n gesonde en wettige manier van belastingbeplanning.

Dit werk soos volg: die belastingkoers op die bedrag geld wat jy uit jou bewaringsfonds onttrek, sal onderhewig wees aan die HOOGSTE gemiddelde belastingkoers van OF die jaar waarin jy die geld neem OF die vorige belastingjaar. As jou gemiddelde koers in een jaar 35% is en in die ander 20%, is die verstek-belastingkoers 35%.

Dit is derhalwe duidelik dat die tydsberekening van 'n onttrekking uit jou bewaringsfonds van kritieke belang is. Indien dit korrek gedoen word, kan dit jou derduisende of selfs honderdduisende rande aan belasting spaar.

**By Brenthurst word hierdie meganisme reeds jare lank met vrug gebruik, wat ons kliënte baie geld bespaar het, bloot deur die tydsberekening van die onttrekking.**

In 'n onlangse geval het 'n klient byna R400 000 gespaar bloot deur die onttrekkingsdatum uit die fonds met 'n paar weke te verander!

Die tegniek kom neer op die optimale gebruik van die tweejaar-reël, wat verseker dat elke onttrekking uit 'n bewaringsfonds blootgestel is aan die laags moontlike belastingkoers van 18%!

Gesels gerus met enige van ons geregistreerde finansiële beplanners indien u van plan is om van werk te verander of te bedank, of as jy geld in 'n bewaringsfonds het, wat nie deur Brenthurst Wealth bestuur word nie. Ons is in staat om enige bestaande bewaringsfonds oor te neem sonder dat dit jou iets sal kos.

## BATE-TOEDELING:

Nog 'n voordeel van die verskuiwing van jou aftreekapitaal na 'n bewaringsfonds, is dat jy dan vir jou n beleggingsportefeulje kan skep, wat nommerpas is vir jou behoeftes, doelwitte en risiko-profiel. Dieselfde geld vir fondse wat oorgeplaas is na 'n aftree-annuiteit.

Talle van die ouer aftreefondse volg steeds die een-nommer-pas-almal-benadering wanneer hulle beleggingsportefeuljes skep. Dit beteken dat 'n belegger van 30 dieselfde portefeulje het as iemand nader aan aftrede. Dit kom neer op 'n meer konserwatiewe benadering en beperkende portefeulje en n kleiner opbrengs op die lang termyn.

'n Bewaringsfonds stel jou egter in staat om jou eie portefeulje te ontwerp en jou geld met die hulp van verskeie van die beste finasiele beplanners vir jou te laat werk. Meer nog: jy (of jou raadgewer) kan portefeuljes verander of jy kan van adviseurs verander in ooreenstemming met die prestasie van jou beleggings.

Maar ook hier geld enkele voorsorgsriglyne soos vervat in die Wet op Pensioene. 'n Sekere persentasie van die portefeulje (n minimum van 25%) moet belê word in kontant, nouverwante kontant of vooraf goedgekeurde fondse. Bykomend word die buitelandse blootstelling van die portefeulje ook beperk tot die huidige 20%. Die balans van die portefeulje kan in enige bateklas of –fonds bele word. Indien versigtig en met oorleg te werk gegaan word, kan jou beleggingsopbrengs uiteindelik aansienlik verhoog.

## BELEGGINGSADVISEURS:

**Indien jy enige navrae het oor jou huidige bewaringsfonds, of as jy planne het om binnekort van werk te verander, moenie huiwer om met een van ons geregistreerde finansiele adviseurs of beplanners te skakel nie.**

**Brian Butchart:** brian@brenthurstwealth.co.za
**Michelle Heystek:** michelle@brenthurstwealth.co.za
**Johan Burger:** johan@brenthurstwealth.co.za.

*Stuur gerus hierdie nuusbrief aan enigeen wat van plan is om sy huidige werk te bedank of van werk wil verander.*

**BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT (PTY) LTD**

**Tel:** (**011) 799- 8100** **Faks:** (**011) 799- 8101**
**Epos:** magnus@heystek.co.za brian@brenthurstwealth.co.za gavinb@brenthurstwealth.co.za
johan@brenthurstwealth.co.za michelle@brenthurtwealth.co.za sue@brenthurstwealth.co.za
allie@brenthurstwealth.co.za celeste@brenthurtwealth.co.za rozanne@brenthurstwealth.co.za